Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2020

ÉcoleBooks

# EKONOMIE V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 16 bladsye.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 C ✓✓ gemiddelde veranderlike

1.1.2 B ✓✓ produksie

1.1.3 B ✓✓ beskikbare inligting

1.1.4 A ✓✓ nie-uitsluitbare

1.1.5 D ✓✓ inflasieteikenstelling

1.1.6 C ✓✓ daal

1.1.7 A ✓✓ motorbande

1.1.8 D ✓✓ Basel Konvensie (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 C ✓ Alle koste is veranderlik

1.2.2 H ✓ Kopers word verskillende pryse vir dieselfde produk gevra

1.2.3 F ✓ Die onderneming is die industrie

ÉcoleBooks

1.2.4 B ✓ Finansiële toelae om die produksie van goedere en dienste te ondersteun

1.2.5 G ✓ Sluit huisverband rente-uitgawes uit

1.2.6 D ✓ Pryse van ingevoerde goedere word eksplisiet aangetoon

1.2.7 A ✓ Mense verloor vertroue in die waarde van geld

1.2.8 E ✓ Volhoubare ontwikkeling wat nie die omgewing erodeer nie (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE EEN BEGRIP

1.3.1 Normale wins ✓

1.3.2 Kartel ✓

1.3.3 Meriete goedere ✓

1.3.4 BBP-deflator ✓

1.3.5 Bewaring ✓

1.3.6 Giftige afval ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

## VRAAG 2

2.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

2.1.1 **Noem enige TWEE voorbeelde van gemeenskapsgoedere.**

- Beskermingsdienste ✓
- Polisiedienste ✓
- Ligtoring ✓
- Straatligte ✓
- Vloedbeheer ✓
- Stormwaterdreinering ✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe sal volmaakte markte verbruikers benadeel?**

- Deur die verskeidenheid van verbruikersgoedere te beperk ✓✓
- Deur verbruikers bloot te stel aan swakker kwaliteit goedere ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Noem EEN voorbeeld van 'n hindernis tot toetrede by 'n oligopolie.**

- Hoë aanvangskapitaal ✓
- Skaalbesparings ('economies of scale') ✓
- Eienaarskap van grondstowwe ✓
- Patente ✓
- Lisensies ✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (1)

2.2.2 **Noem enige nie-prys mededingende strategie wat deur oligopoliste gebruik word.**

- Advertering ✓
- Na-verkope diens ✓
- Doeltreffende diens ✓
- Deur-tot-deur dienste ✓
- Lojaliteitsbeloning ✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (1 x 1) (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die begrip *oligopolie.***


Oligopolie is 'n markstruktuur waarin slegs 'n paar verkopers funksioneer en gedifferensieerde produkte verkoop ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike omskrywing) (2)

2.2.4 **Verduidelik kortliks *stilswyende samespanning deur oligopolieë*.**

- Oligopolieë span saam sonder om formeel te kommunikeer of formele ooreenkomste te sluit✓✓
- 'n Dominante onderneming (prysleier) sal die prys van 'n produk verhoog en hoop dat sy mededingers dit sal sien as 'n teken en dan doen hulle dieselfde ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2)

2.2.5 **Met behulp van 'n grafiek, verduidelik die vraagkurwe van 'n oligopolis.**




| | | |
|---|---|---|
| **Puntetoekenning** | | |
| Korrekte benoeming van beide asse | = | 1 punt |
| Korrekte posisionering en benoeming van beide segmente | = | 2 punte |
| Ewewigspunt word aangedui | = | 1 punt |
| **Maksimum** | | **4 punte** |

(4)

ÉcoleBooks

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **By watter punt op bostaande grafiek word daar aan die vraag van verbruikers voldoen?**
Punt C ✓ (1)

2.3.2 **Wat word voorgestel by punt E of F?**
Allokatiewe en produktiewe ondoeltreffendheid ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die begrip *indifferensiekurwe (I).***
Indifferensiekurwe toon die kombinasie van twee goedere wat aan die verbruiker dieselfde vlak van bevrediging verskaf ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2)

2.3.4 **Verduidelik kortliks die rede vir die vorm van die Produksiemoontlikheidskurwe hierbo.**
Die Produksiemoontlikheidskurwe is konkaaf na die oorsprong gerig, omdat toenames in die produksie van een goed sal lei tot 'n stygende opoffering, kragtens 'n verlaging in die produksie van ander goedere ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike verduideliking) (2)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



2.3.5 **Hoe kan negatiewe eksternaliteite verlaag word deur kwantiteitsbeheer?**
- Regulering van die produksie van ’n goed ✓✓
- Uitreiking van lisensies om produksie toe te laat ✓✓
- Vasstel van kwotabeperkings op die totale aantal van ’n goed wat geproduseer mag word ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Onderskei tussen *natuurlike* en *kunsmatige* monopolie.**

**Natuurlike monopolie**
- Bestaan wanneer dit nie moontlik is vir meer as een produsent om te bestaan en te oorleef in die industrie nie ✓✓
- Daar is hoë ontwikkelingskoste wat andere verhoed om tot die mark toe te tree ✓✓
- Die massiewe vaste produksiekoste lei daartoe dat ’n enorme uitsetvlak benodig word om ekonomieë van skaal te bereik ✓✓
- ’n Enkele besigheid in die industrie kan die mark teen ’n laer prys bedien as wat twee of meer besighede tesame, dit kan doen ✓✓
- Natuurlike monopolieë word besit en gereguleer deur die regering, bv. verskaffing van elektrisiteit ✓✓ (2 x 2)

**Kunsmatige monopolie**
- Ontstaan wanneer meer as een produsent bestaan en oorleef in die mark ✓✓
- Die hindernisse tot toetrede is nie ekonomies van aard nie, bv. lisensiëring en patentreg ✓✓
- Lisensies word vereis vir TV- en radio-uitsendings, telefoon en sellulêre netwerke ✓✓
- Lisensies beskerm operateurs teen die toetrede van mededingers ✓✓
- ’n Patent is die wettige en eksklusiewe reg van ’n patenthouer om ’n produk te vervaardig van sy of haar eie unieke uitvinding ✓✓
- Patente kom gereeld in die aptekerswese-industrie voor ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord (2 x 2) (8)

2.5 **Evalueer die doeltreffendheid van Kostevoordeelontleding (KVO) as ’n besluitnemingsinstrument.**

KVO mag doeltreffend wees as ’n besluitnemingsinstrument deur ...
- te evalueer wanneer dit die moeite werd is om kapitaal te belê ✓✓
- besluitneming te beïnvloed om nuwe werkers aan te stel ✓✓
- die ontwikkeling van ’n maatstaf vir die vergelyking van projekte ✓✓
- te help om te voorspel of die voordele van ’n beleid, die kostes, relatief tot ander alternatiewe, oorskadu ✓✓

KVO mag nie doeltreffend as ’n besluitnemingsinstrument wees nie, omdat daar ...
- potensiële onakkuraatheid bestaan in die identifisering en kwantifisering van kostes en voordele as sekere koste en voordele per abuis weggelaat word, as gevolg van die onvermoë om indirekte, gemaklike verhoudings te voorspel ✓✓
- dubbelsinnigheid en onsekerheid wat betrokke is in die kwantifisering en toekenning van ’n monetêre waarde tot ’n onakkurate KVO ✓✓
- toenemende subjektiwiteit is vir ontasbare koste en voordele omdat sommige kostes nie-monetêr van aard is nie, bv. toename in verbruiker- en werkersbevrediging ✓✓
- onakkurate berekening is van die huidige waarde, wat mag lei tot ’n misleidende ontleding ✓✓ (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

3.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

3.1.1 **Noem enige TWEE voorbeelde van natuurrampe wat kostedrukinflasie kan veroorsaak.**

- Vloede ✓
- Droogtes ✓
- Aardbewings /Orkane ✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Waarom is stedelike gebiede in Suid-Afrika die mees besoedelde gebiede?**

- Hoë verkeersopeenhopings wat lei tot hoë koolstofuitlatings ✓✓
- Daar is ’n aantal fabrieke wat bydra tot die uitlating van giftige gasse in die atmosfeer ✓✓
- Hierdie gebiede is meer geïndustrialiseerd en daarom kan produksie in fabrieke lei tot die uitlating van kweekhuisgasse ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Watter provinsie het volgens die bostaande grafiek die hoogste inflasiekoers ondervind?**
Wes-Kaap ✓ (1)

ÉcoleBooks

3.2.2 **Watter soort inflasie sluit items met onbestendige pryse uit?**
Kerninflasie ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *inflasie*.**
Inflasie is ’n volhoubare en beduidende toename in die algemene prysvlak oor ’n spesifieke tydperk en ’n gelyktydige afname in die koopkrag van geld ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2)

3.2.4 **Verduidelik kortliks die belangrikheid daarvan om inflasie te meet.**
Dit is belangrik om inflasie te meet omdat:

- Inflasiestatistieke die basis van regeringsbeleid vorm ✓✓
- Inflasie ’n onderneming en individue se beplanning beïnvloed ✓✓
  Iinflasiestatistieke gebruik word om ’n indeks daar te stel wat lone, welsynvoordele en rentekoerse koppel ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (1 x 2) (2)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



3.2.5 **Ondersoek die uitwerking van inflasie op aanbod van en vraag na effekte.**

- Hoër inflasie verlaag die vraag na effekte en verhoog die aanbod omdat leners meer bereid is om geld te leen – wat lei tot laer effektepryse en hoër rentekoerse ✓✓
- Laer inflasie verhoog die vraag na effekte en verlaag die aanbod daarvan omdat leners minder daarin belangstel om effekte uit te reik ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer die soort besoedeling in die prent hierbo uitgebeeld.**
Lugbesoedeling ✓ (1)

3.3.2 **Watter internasionale ooreenkoms is geïmplementeer om klimaatsverandering aan te spreek?**

- Kyoto Protokol ✓
- Verenigde Nasies se Raamwerk Konvensie oor Klimaatsverandering ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die begrip *klimaatsverandering.***
Klimaatsverandering is die styging in die gemiddelde oppervlak-temperature, hoofsaaklik as gevolg van die verbranding van fossiel-brandstowwe ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2)

3.3.4 **Verduidelik kortliks 'n maatreël wat ingestel kan word om klimaatsverandering om te keer.**

- Wydverspreide internasionale samewerking van lande om hulself tot die stryd teen aardverwarming te verbind ✓✓
- Deel van inligting aangaande weersomstandighede en -patrone met ander lande ✓✓
- Beperking van besoedeling ✓✓
- Verban chemiese produkte soos kweekhuisgasse wat die osoonlaag vernietig ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (1 x 2) (2)

3.3.5 **Evalueer die negatiewe uitwerking van klimaatsverandering op landbou en voedselverskaffing.**

- Veranderinge in hoe gereeld en hoe swaar droogtes en oorstromings ikan uitdagings daarstel vir boere en wildboere wat voedselverskaffing kan bedreig ✓✓
- Klimaatsverandering kan beskikbaarheid van voedsel ontwrig, toegang daartoe verlaag en die kwaliteit daarvan beïnvloed ✓✓
- Veranderinge in uiterste weersomstandighede en daling in die beskikbaarheid van water, mag alles lei tot verlaagde landbouproduktiwiteit ✓✓
- Klimaatsverandering verminder voedingstowwe in landbouprodukte ✓✓
- Produksie deur boere is verlaag omdat hulle sukkel om by te bly by swak weersomstandighede ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2 x 2) (4)

3.4 **Verduidelik kortliks verhoogde *verbruik deur huishoudings* en *investering* as oorsake van vraagtrek-inflasie.**

**Toename in verbruik deur huishoudings**

- Besteebare inkome van huishoudings kan teen 'n vinniger koers toeneem as totale aanbod ✓✓
- Minder besparings: ✓ as verbruikers hulle spaargewoontes verander en begin om hul lopende en opgehoopte besparings te bestee, kan die groei in algehele vraag die groei in algehele aanbod oorskry ✓✓
- Afname in belastings: ✓ dit is meer van toepassing op persoonlike inkomstebelasting as op indirekte belasting ✓✓
- Toegang tot krediet: ✓ daar is groter beskikbaarheid van verbruikerskrediet of die beskikbaarheid van goedkoper krediet as gevolg van die afname in leningsbelastings ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2 x 2)

**Investeringsbesteding**

- Verlaagde rentekoerse sal ondernemings aanmoedig om hul bedrywighede uit te brei ✓✓
- Besighede sal meer belê in kapitaalgoedere en dit mag lei tot 'n verhoogde vraag na goedere en dienste, wat deel vorm van investering ✓✓
- 'n Styging in totale aanbod, wat meer mag wees as totale aanbod, sal lei tot 'n styging in die algehele pryse van goedere en dienste ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2 x 2) (8)

3.5 **Hoekom word biodiversiteit bedreig?**

Biodiversiteit is onder ernstige bedreiging as gevolg van:

- degradering en vernietiging van die natuurlike habitat, wat moontlik veroorsaak word deur die herstrukturering van grond vir die doel van ontwikkeling ✓✓
- intensivering van landboupraktyke wat mag lei tot besoedeling van die natuurlike habitat ✓✓
- die daling in die kapasiteit van grond om wildlewe te huisves ✓✓
- besoedeling van grond en water, veroorsaak deur nywerhede se produksie van goedere en dienste, ✓✓ byvoorbeeld, verbranding van fossielbrandstowwe, ✓ storting in die oseane, ✓ ens.
- koolstofuitlatings, ontbossing en ander veranderinge in grondgebruik, as gevolg van menslike aktiwiteite, mag lei tot veranderinge in weerpatrone en verlies aan habitat ✓✓
- te veel jag- en visvangaktiwiteite wat bydra tot die verlies van biodiversiteit deur die uitwissing van verskeie spesies ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (4 x 2) (8)

**[40]**

EcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

4.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

4.1.1 **Noem TWEE soorte kostes wat deur ekonome, in teenstelling met rekenmeesters, gebruik word.**

- Implisiete koste ✓
- Eksplisiete koste ✓ (2)

4.1.2 **Wat kan die bydraende faktor vir hoë inflasiekoerse in Suid-Afrika wees?**

- Aanhoudende styging in die prys van ru-olie ✓✓
- Wanbestuur van openbare sektor monopolieë het gelei tot reuse-kostes vir die res van die ekonomie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Gee ’n formule om totale inkome te bereken.**
TI = Prys x Hoeveelheid ✓ (1)

4.2.2 **By watter vlak van uitset maksimeer die onderneming inkome?**
Eenheid 6 ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *marginale inkome.***
Ekstra inkome ontvang vir elke addisionele eenheid verkoop ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2)

EcoleBooks

4.2.4 **Verduidelik hoe ’n monopolis sy produksievlak sal bepaal.**

- Die monopolis bepaal eers die prys en dan die hoeveelheid wat hy wil verkoop ✓✓
- Deur die prys te verlaag, sal die monopolis meer eenhede verkoop van die produk en omgekeerd ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2)

4.2.5 **Gebruik bostaande inligting en bereken die gemiddelde inkome vir eenheid 3. Toon alle berekeninge.**
GI = TI/eenhede ✓
= 24/3
= R8 ✓✓ (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer, uit die uittreksel, die oorsaak van 'n skerp daling in inflasie gedurende die tweede kwartaal van 2020.**

Laer brandstofpryse ✓ (1)

4.3.2 **Noem EEN groep mense wat die meeste beïnvloed word deur hoë vlakke van inflasie.**

- Afgetrede mense ✓
- Pensioenarisse ✓
- Arm mense ✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *stagflasie*.**

Stagflasie is 'n toestand van stagnerende ekonomiese groei, hoë werkloosheid tesame met hoë inflasiekoerse ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2)

4.3.4 **Verduidelik lone as die oorsaak van kostedrukinflasie.**

- Lone vorm die hoofbron van inflasie omdat dit 50 % uitmaak van die koste om die BBP van Suid-Afrika te bepaal ✓✓
- Loonverhogings wat groter is as die toename in produktiwiteit, lei tot verhoogde produksiekoste ✓✓
- Produsente verhaal hierdie koste deur die pryse van hulle goedere te verhoog ✓✓ (2)

4.3.5 **Hoe kan belasting aangewend word om inflasie te bekamp?**

- Verhoging van direkte belasting soos inkomstebelasting, sal besteebare inkome van verbruikers verminder en minder goedere sal in die ekonomie aangevra word ✓✓
- Verhoging van indirekte belasting soos BTW en die heffing op brandstof, sal goedere duurder maak en dit mag die vraag en besteding inperk ✓✓
- Die regering mag 'n heffing op ingevoerde goedere instel, wat dit duurder maak en die vraag na sulke goedere sal laat daal ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2 x 2) (4)




DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



4.4 **Met behulp van 'n grafiek, verduidelik die uitwerking van minimum lone.**




| | |
|---|---|
| **PUNTETOEKENNING** | |
| Korrekte byskrifte van asse | = 1 punt |
| Byskrifte van vraag en aanbod | = 1 punt |
| Toon ewewigspunt | = 1 punt |
| Toon daling in hoeveelheid arbeid aangevra | = 1 punt |
| **Maksimum: 4 punte** | |

- Minimum lone word hoër as die heersende loon, deur die regering vasgestel ✓✓
- Verspreiding van inkome sal lone verbeter van L na $L_1$ ✓✓
- Verbruikers sal meer hê om te spandeer en kan sodoende hulle lewenskwaliteit verbeter ✓✓
- Vraag na arbeid sal afneem van H na $H_1$ terwyl aanbod sal toeneem van H tot $H_2$, want werkgewers sal nie bereid wees om die minimum loon te betaal nie ✓✓
- Sommige werkgewers sal werkers afdank ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) ( 2 x 2) (8)

4.5 **Ondersoek die rol van prysverwagting op inflasie in Suid-Afrika.**

- Suid-Afrikaanse ondernemings en verbruikers reageer gewoonlik op hulle verwagtinge en veroorsaak daardeur hoë inflasie ✓✓
- Indien werkers toekomstige inflasie verwag, beding hulle vir hoër lone om te vergoed vir die verhoogde lewenskoste ✓✓
- Die sukses met die bedinging vir hoër lone dra by tot inflasie ✓✓
- Die hoë lone verhoog kostedrukinflasie omdat loonverhogings ondernemings se kostes verhoog ✓✓
- Dit verhoog ook vraag-trekinflasie – werkers het meer besteebare inkome ✓✓
- Wanneer ondernemings verwag dat inflasie gaan styg, byvoorbeeld deur te verwag dat die prys van grondstowwe gaan styg, sal hulle pryse verhoog om hul winsgrense te beskerm ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK. Jou antwoord sal as volg geassesseer word.

### VRAAG 5

- **Vergelyk, sonder grafieke, die markstruktuur van 'n monopolistiese mededinger met dié van 'n volmaakte mark deur op die volgende te fokus:**
  - **Aard van die produk**
  - **Markinligting**
  - **Prysvasstelling en vraagkurwe**
- **Evalueer die belangrikheid van die Suid-Afrikaanse mededingingsbeleid in die werking van markte.**

**INLEIDING**
'n Mark is 'n instelling/meganisme wat die kopers en verkopers van goedere en dienste saambring om te onderhandel oor pryse en hoeveelhede wat verhandel kan word. ✓✓
Markstruktuur verwys na die manier hoe markte georganiseer word. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) Maks. (2)

**HOOFGEDEELTE**

**Aard van die produk**
Volmaakte mark:
- Produkte wat verkoop word, is homogeen of identies ✓✓
- Daar is geen verskil in die produkte nie, hulle is presies dieselfde kragtens kwaliteit en voorkoms ✓✓
- Dit maak geen verskil aan 'n koper waar en by wie hy die produk koop in 'n volmaakte mark nie ✓✓

Monopolistiese mededinging:
- Produkte wat verkoop word, is gedifferensieerd ✓✓
- Produkte mag soortgelyk wees, maar nie identies nie; daar mag verskille in verpakking en bestanddele wees ✓✓
- Die differensiasie in produkte skep 'n geleentheid vir handelsmerk-lojaliteit ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) Maks. (8)

**Markinligting**
Volmaakte mark:
- Kopers en verkopers het volledige kennis oor die marktoestande ✓✓
- Alle kopers weet wat die spesifieke kenmerke van die produk is, hoeveel om te betaal, die kwaliteit daarvan en markgeleenthede ✓✓
- Verkopers ken die voorkeure van verbruikers ✓✓

Monopolistiese mededinging:
- Markinligting is onvolledig vir beide kopers en verkopers ✓✓
- Baie handelsmerke, baie groot verskeidenheid van produkte, veelvuldige verkoopspunte, diverse plekke en marginale verskille in pryse veroorsaak 'n gebrek aan volledige inligting vir verkopers en kopers ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) Maks. (8)


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**Prysvasstelling en vraagkurwe**
Volmaakte mark:

- ’n Volmaakte mededinger kan nie sy pryse vasstel nie, hulle aanvaar die prys wat deur die mark bepaal word ✓✓
- Die prys in die mark word bepaal deur die kruising van die vraag- en aanbodkurwes – ewewigsprys ✓✓
- Daarom is hulle prysnemers – hulle aanvaar die prys soos wat dit deur die mark bepaal is en dit verander slegs wanneer die mark verander ✓✓
- Omdat hulle enige hoeveelheid kan verkoop teen die heersende markprys, is die vraagkurwe volmaak elasties of horisontaal ✓✓
- Die vraagkurwe is altyd die prys van die produkte ✓✓

Monopolistiese mededinging:

- Daar is aansienlike beheer oor die pryse van goedere en dienste ✓✓
- Hulle kan minder produseer en ’n hoër prys vra ✓✓
- Vraagkurwe hel afwaarts (negatief) en beweeg van links na regs ✓✓
- Vraagkurwe is relatief elasties en stel die gemiddelde inkome voor ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) Maks. 10

**ADDISIONELE GEDEELTE**

Mededingingsbeleid is belangrik om:

- verbruikers te voorsien van mededingende pryse en produkkeuses ✓✓
- markte en monopolieë in die land te reguleer en daardeur monopoliegroei te voorkom ✓✓
- die aksie van ekonomiese transformasie te balanseer ten einde alle Suid-Afrikaners te bevoordeel deur eienaarskap, deelname aan KMMO’s en werkverskaffing ✓✓
- om praktyke soos die herverkoopprys, instandhouding en horisontale samespanning as onwettig te verklaar ✓✓
- ondernemings te dwing om kragtig mee te ding kragtens pryse en hoeveelheid ✓✓
- herstrukturering in sektore, wat hul mededingendheid verloor het, te bevorder ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (5 x 2) (10)

**SLOT**

Volmaakte mededinging en monopolistiese mededinging is relatief vergelykbaar omdat hulle soortgelyke kenmerke het.✓✓
(Aanvaar enige ander toepaslike hoërorde slot) (2)
**[40]**

## VRAAG 6

- **Bespreek in detail hoe die regering volhoubare ontwikkeling kan verseker.**
- **Hoe kan die najaag van hoër ekonomiese groei omgewingsvolhoubaarheid negatief beïnvloed?**

### INLEIDING

Omgewingsvolhoubaarheid kan omskryf word as die ontwikkeling wat die huidige behoeftes van die mens bevredig sonder om die kwaliteit van die omgewing op te offer, sodat dit ewe moontlik is om ook toekomstige geslagte te ondersteun. ✓✓
(Aanvaar enige ander toepaslike laerorde inleiding) (2)

### HOOFGEDEELTE

**Toekenning van eiendomsreg** ✓

- Eiendomsreg is wette wat reguleer hoe individue hulpbronne kan beheer, gebruik, voordeel daaruit trek en kan oordra ✓✓
- Eiendomsreg het positiewe uitwerkings op bewaring omdat dit verseker dat mense omsien na die eiendom wat hulle besit ✓✓
- Hulle sal dit winsgewend aanwend vir so lank as moontlik, selfs vir toekomstige geslagte wat nog mag volg ✓✓
- Om te verhoed dat Fauna- en Flora-spesies uitgewis raak, kan die regering mense toelaat om eiendomsreg daaroor te bekom ✓✓
- Eienaars van eiendom kan dan die omgewing bewaar teen 'n veel laer koste vir belastingbetalers ✓✓
- Eiendomsregte kan uitgebrei word na gemeenskapsgoedere soos vars lug ✓✓
- Kyoto Protokol is 'n internasionale ooreenkoms waardeur ontwikkelde lande ontwikkelende lande betaal vir die reg om te mag besoedel ✓✓

**Betaal vir gebruik van omgewing** ✓

- Die regering kan die omgewing beskerm deur gebruikersfooie en -kostes vir individue, wat die omgewing beskadig, in te stel ✓✓
- Regering hef fooie vir afval wat geproduseer en in die omgewing gestort word ✓✓
- In Suid-Afrika hef plaaslike owerhede 'n koste op vullisverwydering en riolering ✓✓
- Kostes behoort proporsioneel te wees tot die afval of die beste resultaat, want 'n vaste totale koste sal nie produseerders van afval aanmoedig om hulle afval te verminder nie ✓✓

**Heffing van omgewingsbelasting** ✓

- Hierdie staan ook bekend as groen belasting of eko-belastings ✓✓
- Regering stel hierdie belasting in op die verbruik van 'n produk wat 'n negatiewe impak op die omgewing het en wat nie goed is vir die omgewing nie ✓✓
- Bv. heffing op plastieksakke, filament-gloeilampe, motorbande, ens. ✓✓
- Om 'n sosiale doeltreffende uitset te bereik moet die belastingkoers gelyk wees aan die marginale eksterne koste ✓✓

Kopiereg voorbehou 

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**Betaal omgewingsubsidies** ✓
- Die regering betaal ’n subsidie aan ondernemings wat in staat is om hulle vlakke van besoedeling met ’n sekere persentasie te laat daal of dit laer hou as ’n sekere vlak ✓✓
- Bv. die regering subsidieer nuwe tegnologie wat energie bespaar, soos energiebesparende gloeilampe of sonkragwarmwaterstelsel ✓✓

**Uitreik van bemarkbare permitte** ✓
- Die regering reik ’n permit uit vir elke onderneming wat ’n sekere hoeveelheid besoedeling toelaat, so dit stel ’n standaard daar ✓✓
- Ondernemings word toegelaat om met ander ondernemings, wat ’n groter besoedelingsvlak het, handel te dryf met hierdie permitte. ✓✓
- Wanneer ondernemings hul uitset verhoog, kan elkeen self besluit of dit meer winsgewend sal wees om meer permitte vir die addisionele besoedeling te koop, of om hulle tegnologie aan te pas ten einde besoedeling te verminder en voort te gaan om die huidige permitte te gebruik ✓✓

**Beheer en kontrole** ✓
- Maksimum toegelate vlakke word vasgestel, bv. uitlatings (‘emissions’) se minimum aanvaarbare vlakke van omgewingskwaliteit ✓✓
- Inspekteurs monitor aktiwiteite en reik boetes uit indien die wetlike perke nie nagekom word nie ✓✓
- Daar is drie benaderings om beheer- en kontrolestelsels te ontwerp:
  - Hoeveelheidsstandaarde: ✓ fokus op hoeveelhede van besoedeling veroorsaak, ongeag die impak op die omgewing, bv. voertuie se gasuitlatings ✓✓
  - Vrywillige ooreenkomste: ✓ die regering probeer om vrywillige ooreenkomste te sluit met besighede om besoedeling te verminder, eerder as om wette en regulasies in te stel. ✓✓ Hierdie ooreenkomste sluit in formele kontrakte of informele ooreenkomste waaroor besighede onderhandel, om by hulle omstandighede te pas. ✓✓

EcoleBooks

**Onderwys** ✓
- Dit word gebruik om te probeer om mense se houdings teenoor die omgewing te verander ✓✓
- Innoverende benaderings is aangewend in die ontwikkelende wêreld om mense op te voed, bv. die daarstel van gemeenskapswildreservate ✓✓
- Onderwys behoort aspekte van inheemse kennisstelsels in te sluit, want inheemse mense besit ’n breër kennis van hoe om volhoubaar te lewe. ✓✓
- Mense behoort bewus gemaak te word van omgewingskwessies en die gevolge van hulle optrede ✓✓
- Hulle moet hulle gebruiksgewoontes meer omgewingsvriendelik maak ✓✓
- Onderwys speel ’n belangrike rol in die verbetering van mense se vermoë om die omgewing te bestuur ✓✓

**Vrywillige ooreenkomste** ✓
- Die regering sluit ooreenkomste met besighede op ’n vrywillige basis ten einde besoedeling te verminder ✓✓

  (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)
  (Maksimum van 8 punte indien feite of voorbeelde slegs genoem is) Maks. 26

**ADDISIONELE GEDEELTE**

Om hoë ekonomiese groei na te jaag, kan ’n negatiewe impak op omgewingsvolhoubaarheid hê:

- deurdat dit lei tot die uitwissing van hulpbronne en die verlies aan biodiversiteit, wat die toekomstige dravermoë van ekologiese stelsels van die ekonomie, kan beskadig ✓✓
- langtermyn afval en gifstowwe neem toe wat mag lei tot onbekende gevolge ✓✓
  Byvoorbeeld, ekonomiese groei wat gelei het tot die verhoogde gebruik van plastiek wat nie-degradeerbaar is nie ✓✓
  ’n Steeds toenemende hoeveelheid plastiek in die see en die omgewing wat beide onoogl ik is en wildlewe beskadig ✓✓
- omdat dit lei tot ’n hoër verbruik van hulpbronne, groter besoedeling en groter vraag na natuurlike hulpbronne wat die omgewing sal beskadig ✓✓
- deur die instelling van hoë kostes op die omgewing as gevolg van stygende uitset en verbruik ✓✓ bv. verhoogde verbruik van nie-hernieubare hulpbronne, hoër vlakke van besoedeling en aardverwarming ✓
- deur die geleentheidskoste van die verlaging in die beskikbare nie-hernieubare hulpbronne en die volhoubaarheid van die omgewing, prys te gee, aangesien daar ’n kompromie is tussen verbruiksgoedere en die omgewing, deur die verbruik van verbruiksgoedere te verhoog ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (Maks. 10)

**SLOT**

Alle individue, besighede, regerings en ander organisasies behoort om te sien na die omgewing deur betrokke te wees by projekte wat ’n volhoubare bestaan sal bevorder. ✓✓
(Aanvaar enige ander toepaslike hoërorde slot) (2)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM